Mini-me Akademie

MEER PLEK MEER PRET

Tel nr 012 807 7846 / 082 7755234
Faks (012) 807 5955
Info@minimeacademy.co.za
www.minimeacademy.co.za
Kontak persoon: Madri van Heerden

Mini-Me Akademie streef daarna om kwaliteit onderrig, sorg en sekuriteit in 'n liefdevolle en versorgende omgewing te bied. Ons voorsien kragtige, gestruktureerde ontwikkelende aktiwiteite in 'n kreatiewe en prettige omgewing. Ons gebruik veelvoudige hulpmiddels waarby u kind die beste sal baat. Ons personeel gebruik hul passie vir kinders om ons leerders te bekragtig om gereed te wees in elke aspek van die lewe asook om die uitdagings van formele opvoeding aan te pak.

U KIND IS VIR ONS BELANGRIK!!!

Ons wil graag deel word van u familie. Om die kleuterskool doeltreffend te laat funksioneer is dit nodig dat die volgende reëls goed deurgelees en nagekom word.

TAAL

Klasse word aangebied in Afrikaans met Engels as 'n vak.

TOELATING

Geen kind met 'n aansteeklike kindersiekte of enige ander aansteeklike siekte word toegelaat nie tensy 'n doktersbrief as bewys dien wat sê die kind mag die terugkom skool toe. Dit is in belang van elke gesin dat 'n siek maatjie by die huis moet bly. As 'n Ouer is dit u verantwoordelikheid om seker te maak u kind se immunisering is op datum en dat u kind ingeënt is teen kinkhoes, witseerkeel, tetanus, polio en tuberkulose,

U kind mag glad nie skool toe kom indien:

- u kind 'n **maagvirus het,**
- enige **koors** of **kopluise** het,
- oog of oor ontsteking het,
- opgooi of enige aansteeklike siekte het soos masels, duitse masels of waterpokkies.

Alle medikasie moet in die Kommunikasie boek geskryf word en dit is die Ouers se verantwoordelikheid om seker te maak die medisyne is wel in die kind se sak met huistoegaan tyd.

REGISTRASIE

U kind mag slegs skool toe kom indien u 'n inskrywingsvorm ingevul het. R550 per gesin (2016) registrasiefooi is betaalbaar saam met u skoolgeld. Hierdie geld is nie terugbetaalbaar nie. Elke Januarie verhoog die registrasiekoste en is betaalbaar elke Januarie
Voorsien ons asb van die volgende dokumentasie:

1. Afskrif van beide Ouers/Voogde se ID dokumente
2. Afskrif van kind se geboortesertifikaat en immuniserings kaart.
3. Onlangse foto van u kind.

NB! PARAFEER ELKE BLADSY VAN HIERDIE KONTRAK.

AANSPREEKLIKHEID

Alle voorsorgmaatreëls word getref vir die veiligheid van u kleuter. Die skool of personeel aanvaar geen verantwoordelikheid vir:

1. enige besering wat u kind opdoen op die speelgrond, tensy nalatigheid bewys kan word
2. enige optrede van u kind buite skool ure op die terrein

Ouers mag nie die kode uitgee van die hekkie of hul kinders toelaat om self die hekkie oop te maak nie. Elke kind moet deur 'n ouer na hul spesifieke klas begelei word.
Slegs personeel en ouers mag die hekkie oopmaak.

DISSIPLIENE

Mini-Me Akademie sal nie ongeskikte of ongemanierde gedrag verdra nie.
Ons vra u hulp as ouer om die volgende te versterk by die huis.

- **Respek teenoor personeel en maats**
- **Respek vir u kind se eiendon, asook die van die skool.**

Ons gebruik die volgende dissiplinere sisteem.

- **Mondelikse verduideliking van situasie**
- **Rustyd buite die situasie (tyd word bereken volgens ouderdom)**
- **Voorregte soos verjaarsdagpartytjies word die kind ontneem.**
- **Ours sal in kennis gestel word d.m.v. die kind se notaboek.**
- **Met ernstige gevalle sal die kind se Ouers geskakel word.**

Ons mik vir 'n positiewe uitkoms met elke geval, daarom sal ons dit waardeer as u goeie gedrag by u kind sal inskerp.

ETES (Die twee weeklikse spyskaart word teminste 2x per jaar hersien)

7:30 Ontbyt
10:00 Verversing
12:00 is dit tyd vir middagete.
15:00 / 17:00 is middag verversing.

SKOOL URE (Maandag tot Vrydag)
Voldag 6:45 – 17:30 Halfdag 6:45 – 13:00

Naweke en openbare vakansie dae is die kleuterskool gesluit. **Indien 'n vakansie dag op 'n Dinsdag of Donderdag val sal ons die Maandag of Vrydag resektiewelik gesluit wees.** Die skool sluit jaarliks ***ongeveer*** op die 15de Desember of die naaste Vrydag voor die 15de en open weer ***ongeveer*** die 2de week in Januarie.

Indien skoolure oorskry word, sal 'n boete van R20.00 per kind gehef word vir die eerste 15 min, R50 vir die tweede 15 min en na 18:00 is die boete R100 vir elke 15min. Hierdie boetes sal dan op u maandelikse rekening gesit word.

KENNIS

Een kalender maand skriftelik kennis word vereis indien u kind die skool gaan verlaat. Skoolfonds sal normaalweg gehef word vir die kennismaand. November maand word nie as 'n kennis maand aanvaar nie. Indien u kind nie in Desember gaan skool toe kom nie moet u voor of op 1 Oktober kennis gee.

BUITEMUURSE AKTIWITEITE

Rekenaar klasse	**Cecile**	**082 824 8234**
Swem lesse	**Hendrik**	**083 384 2720**
Action Ball	**Marlene**	**083 357 6159**
YSports	**Lorraine**	**072 422 5489**
Dance Mouse	**Tracey**	**083 285 4489**
Soccer stars	**Sean**	**083 234 5890**
Ballet	**Natalie**	**072 234 3179**
Graphikids	**Jané**	**083 961 4826**
Manners 4 Minors	**Denise**	**082 898 3493 (ingesluit in u skoolfonds)**

ALGEMEEN

- Ons **dagprogram** begin stiptelik om **8:00.** Kinders moet asb nie laat kom nie! Dit ontwrig die klas en plaas onnodige spanning op u kind as hul gereëld laat is en hul gaan ontbyt mis.
- Geen kind word toegelaat om **speelgoed en lekkergoed** skool toe te bring nie.
- Dit is u as Ouer/Voog se verantwoordelikheid om u kind aan 'n personeellid in die oggend te oorhandig wanneer u u kind by die skool aflaai. Indien u kind deur iemand gehaal word wat onbekend is aan ons moet die skool voor 9:00 die oggend in kennis gestel word.
- **ALLE KLERE EN BESITTINGS MOET DUIDELIK GEMERK WEES**. Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir klere en besittings wat wegraak nie. Dogtertjies moet asb kort broekies of 'ski-pants' onder kort rokkies dra.
- **Medikasie** moet in die Kommunikasie Boek aangeteken word. Dit is die ouers se verantwoordelikheid om seker te maak dat hulle die medisyne huis toe neem.
- Kinders is nie verplig om die **Mini-Me skooldrag** te dra nie maar ons vra dat elke ouer ten minste een hempie aankoop vir Vrydae en uitstappies.

BENODIGHEDE

ALLE BENODIGHEDE MOET DUIDELIK GEMERK WEES!!! (legkaarte en boeke word geskenk aan die skool aan die einde van die jaar)

BABAS TOT 20 MNDE	20 MNDE TOT 2 JAAR (word 2 jaar oud)	2 TOT 3 JAAR (word 3 jaar oud)
2 kombersies (klein)	1 klein kombersie	1 tassie of sak gemerk aan buitekant
1 camping cot beskermers(baby boom)	2 matrasoortreksels	1 klein kombersie
Klaar voorbereide bottels	bottels indien u kind nog bottel drink	2 stelle klere
6 doeke	1 non- spill cup	5 doeke indien u kind doek dra
1 Pak wipes per maand	6 doeke	3 pakke wipes per kwartaal
Boudjiesalf	3 pakke wipes elke kwartaal	Sonskerm
3 stelle klere	3 stelle klere, tydens 'potty training' 5 stelle	1 waslappe
2 waslappe	2 waslappe	2 matras oorteksels
Foto van gesin	sonblok	A5 hardebandboekie
A5 hardeband boekie	A5 hardeband boekie	2 bokse tissues elke kwartaal
sagte cot speelgoed	2 bokse tissues elke kwartaal	1 pakkie dik vetkryt
2 bokse tissues elke kwartaal	1 pak dik vetkryte	50 plastiek sakkies vir leêr
Ekstra melkpoeier	2 Bottels ponal gom (wit gom)	2 bottels ponal gom (wit gom)
Plastiek sak vir vuil klere	1 'lever arch' leér	1 'lever arch' leêr
	50 plastiek sakkies vir leêr	1 rol self plak boek oortrek plastiek (DC fix)
	1 rol self plak boek oortrek plastiek (DC fix)	1 medium verfkwas
	1 groot verfkwas	3 – 12 stuk legkaart (seuntjies)
	2 stuk legkaart of pennetjie bord (seuns)	Storieboek (dogtertjies)
	Storieboek (dogtertjies)	1 x drink bottel (kan leé oros bottel wees)
	1 groot bal	1 groot bal
	Plastiek sak vir vuil klere	Plastiek sak vir vuil klere
	1 plastiek veiligheidsskêrtjie met ronde punte	1 x plastiek veilige skêr (ronde punte)

3 TOT 4 JAAR (word 4 jaar oud) **1 tassie of sak gemerk aan buitekant** **1 klein kombersie** **1 stel klere** **2 matras oortreksels** **A5 hardeband boek** **voorskoot** **1 pakkie vetkryt** **2 bottel ponal gom (wit gom)** **2 pritt stick** **2 bokse tissues elke kwartaal** **2 pakke wet wipes elke kwartaal** **1 'lever arch' leér** **50 plastiek sakkies vir leér** **1 rol self plak boek oortrek plastiek (DC fix)** **1 medium verfkwas** **1 veilige skêr (ronde punte)** **12 – 25 stuk legkaart (seuntjies)** **Storieboek (dogtertjies)** **sonskerm** **1 x drink bottel (kan leé oros bottel wees)** **1 groot bal** **Plastiek sak vir vuil klere**	**4 TOT 5 JAAR (word 5 jaar oud)** **1 tassie of sak gemerk aan buitekant** **1 klein kombersie** **1 stel klere** **2 matras oortreksels** **A5 hardeband boek** **voorskoot** **2 waslappe** **1 pakkie vetkryt** **3 bottel ponal gom (wit gom)** **2 bokse tissues elke kwartaal** **2 buisies pritt** **2 pakkies wet wipes per kwartaal** **1 buisie pritt** **1 'lever arch' leêr** **50 plastiek sakkies vir leér** **1 rol self plak boek oortrek plastiek (DC fix)** **1 x veilige skêr (ronde punte)** **1 medium verfkwas** **20 – 30 stuk legkaart (seuntjies)** **Storieboek (dogtertjies)** **1 x drink bottel (kan leë oros bottel wees)** **1 groot bal** **Plastiek sak vir vuil klere** **sonskerm**	**Gr R kinders (word 6 jaar oud)** **1 tassie of sak gemerk aan buitekant (5L – 20L)** **1 klein kombersie** **1 stel klere** **2 matras oortreksels** **A5 hardeband boek** **1 veiligheidskertjie** **2 pakkies uitdraai 24 vetkryt** **4 bottel ponal gom (wit gom)** **2 bokse tissues elke kwartaal** **2 pakke wet wipes per kwartaal** **2 buisie pritt** **1 'lever arch' leêr** **100 plastiek sakkies vir leêr** **1 rol self plak boek oortrek plastiek (DC fix)** **1 x veilige skêr (ronde punte)** **1 klein, medium en groot verfkwas** **25 – 35 stuk legkaart (seuntjies)** **Storieboek (dogtertjies)** **1 x A4 500 velle wit papier** **1 pakkie uitdraai kryte** **1 2L roomysbak** **1 x drink bottel (kan leé oros bottel wees)** **1 groot bal** **Plastiek sak vir vuil klere**

Matrasoortreksel grootte 70 x 130cm, kan ook by die skool gekoop word vir R220 'n stel.

Afslag op skoolfonds

Ons almal weet hoe gelukkig ons is wanneer ons agterkom ons het meer geld as wat ons gedink het.

Ons wil ons lojale ouers beloon wat die woord versprei van ons skool deur hulle 'n volle maand se afslag te gee op hulle skoolfonds wanneer iemand wat hul verwys het na ons, inskryf.

Die volgende terme en voorwaardes geld:

1. Hierdie inskrywing moet vir 3 maande duur voordat afslag gegee word.
2. Die afslagmaand sluit nie Desember in nie.
3. Verwysings sal geneem word per familie en nie per kind nie.
4. Afslag sal gegee word aan die einde van die 3rde maand wat die verwysde kind ingeskryf is.
5. Afslag moet met die Hoof van die skool gereël word.
6. Afslag sal d.m.v. krediet op u rekening deurgegee word en mag onder geen omstandighede vir kontant verruil word nie.

Skool uniform

U kan 'n golf hempies hoede, mussies en skoot sakke bestel. Die skoolsak het die skool se wapen asook u kind se naam op. Die hemde en hoed het net die skool se wapen op.

Kind se naam: (blok letters) _____ Klas:_____

Golf hemp bestelling (R110 per hemp)

	Klein	Medium	Groot
Oranje			
Lemmetjie groen			
Pers			
Hoed (R60 per hoed)			
Mussie (R50)			
Skoolsak (R130 per sak)		Naam wat op sak moet verskyn in blok letters:	
Reënbaadjie (R160)		Grootte van baadjie (klein)(medium)(groot)	

TOTAAL ingesluit_____

ID foto

Mini-me Akademie 2016

Tel nr 012 807 7846/082 7755234
Faks (012) 807 5955

Inskrywingsvorm:

Kind se van: _____ Voldag ___

Kind se volle name: _____ Halfdag ___

Kind se noem naam: _____ Geslag _____

Geboortedatum: Jaar: _____ Dag: _____ Maand: _____

Datum van inskrywing: Jaar: _____ Dag: _____ Maand: _____

Posadres: _____ Kode: _____

Huisadres: _____

Tel by die huis: _____

Vader Naam: _____

ID: _____

Beroep: _____

Werkgewer: _____

Werksadres: _____

Tel nr: _____ Sel: _____

e-pos: (blok letters) _____

Moeder Naam: _____

ID: _____

Beroep: _____

Werkgewer: _____

Werksadres: _____

Tel nr: _____ Sel: _____

e-pos: (blok letters) _____

Huiwelikstaat van ouers:_____ Huistaal:_____

Kerkverband:_____ Was u kind al voorheen in dagsorg? Waar?_____

Wie is verantwoordelik om u kleuter skool toe te bring en te kom haal? Kontak nommer van vorige skool _____

Indien iemand anders as bogenoemde u kleuter kom haal moet u skriftelike toestemming by die kantoor indien of in die kommunikasieboekie aanteken. Indien 'n oppasser verantwoordelik is om die kind af te laai en op te tel moet u die skool van 'n afskrif van die skool se ID dokument voorsien.

Belangrike informasie:

Allergieë:_____ Naam van huis Dr .:_____

_____ Telefoon nr van huis Dr:_____

Mediesefonds:_____ Adres van Dr:_____

Mediesefonds nr: _____

Siekte en ongevalle
Ingeval van enige siektetoestand of probleme sal die skool die ouers/voog dadelik in kennis stel.

Naam, verwandskap en telefoonnommer van die persone wat geskakel kan word in 'n noodgeval indien ek, _____ nie beskikbaar is nie is as volg:

Naam _____ Verwandskap _____ Tel _____

Naam _____ Verwandskap _____ Tel _____

In dringende gevalle van siekte, ongeluk of besering waar ek, _____ Ouer van _____ nie betyds geraadpleeg kan word nie, stem ek daartoe dat

- 'n bekombare en bekwame geneesheer geraadpleeg word,
- my kind na die hospitaal vervoer mag word,
- ingeval die geneesheer aan diens 'n noodprosedure noodsaaklik ag dat daar namens my skriftelike toestemming daartoe gegee word.
- my huisdokter indien omstandighede dit vereis ontbied mag word, of dat die dokter deur die skool aangestel, ontbied mag word.
- my kind die toelaatbare hoeveelheid pyn/koors medikasie (Panado) gegee kan word indien hy/sy koors het.

Ek, _____, vrywaar Mini-Me Akademie en sy personeel. Hul sal nie aanspreeklik gehou word vir enige beserings en/of skade begaan deur my kind terwyl hy/sy in die sorg van die skool is nie. Die skool sal ook nie verantwoordelik gehou word vir enige verlore goedere van my kind.

_____
Ouer

TOESTEMMING:

Hiermee gee ek _____ouer van _____toestemming vir die volgende:

- foto's van my kind, terwyl hy of sy deelneem aan opvoedkundige aktiwiteite, op Mini-me akademie se eksklusiewe dokumentasie, nuusbriewe en webtuiste mag verskyn
- my kind mag na en van uitstappies met vervoer wat deur Mini-Me Akademie goedgekeur is,of enige Juffrou met 'n Suid-Afrikaanse bestuurslisensie vervoer word
- my kind mag aan enige sport of kulturele aktiwiteite deelneem soos bv. Konsert
- my kind is onderhewig aan die skool se tug sisteem en reëls (aangeheg by inligtingsvorm)

_____
Ouer

Inskrywingsfooi en skoolfonds

'n Inskrywingsfooi per kind is jaarliks betaalbaar op die eerste dag van skoolbywoning of met inskrywing. Die maandelikse skoolfonds is **stiptelik vooruitbetaalbaar voor of op die 2de van elke maand**.

LET ASB DAAROP DAT DESEMBER AS 'N VOLLE MAAND GESIEN WORD.

Indien die maandelikse skoolfonds nie betyds betaal word en reëlings nie met die bestuur vooraf getref word om betaling te reël nie, sal daar 'n 28 dae kennisgewing aan u gestuur word. Indien u dit ignoreer sal u kleuter die skool geweier word en u sal op die swartlys geplaas word.

Boetes sal ook opgelê word as u kind/ers na 17:30 afgehaal word. Die boetes beloop R20,00 per eerste 15 min per kind, R50 per tweede 15 min en na 18:00 is die boete R100 per 15 min. Hierdie boete sal dan op u skoolrekening geplaas word en moet dan saam met die skoolgeld onmiddelik betaal word.

Ek, _____ ouer/voog van _____ is bewus van die inligting in hierdie inskrywingsvorm en verstaan alle implikasies hierin vervat. Ek verstaan dat indien nie aan al die bepalings van hierdie ooreenkoms voldoen word nie, ek regtens aanspreeklik gehou sal word teenoor *Mini-me Akademie* en sy verteenwoordigers vir alle gelde en kostes wat deur my/ons betaalbaar is/was of kan word.

Betalingsooreenkoms met Mini-Me Akademie

SKOOLFOOIE

Skoolfooie is streng vooruitbetaalbaar. **Geen afslag word gegee as u kind siek is of met vakansie weg is nie.** Indien u skoolgeld nie stiptelik betaal word nie, mag ons u kind toegang weier. Ouers wat nie getrou skoolgeld betaal nie of wat wegraak sonder om skoolgeld te betaal sal oorhandig word om geswartlys te word.

Mini-Me Academy word nie verantwoordelik gehou vir enige fooie wat verlore gaan as gevolg van fooie wat aan vervoer personeel of kinderoppassers gegee word.

DESEMBER WORD GESIEN AS 'N VOLLE MAAND. Ons het elke maand ons vaste verpligtinge selfs in Desember.

Die skool sluit jaarliks ***ongeveer*** op die 15de Desember of die naaste Vrydag voor die 15de en open weer ***ongeveer*** die 2de week in Januarie

Indien ek my kind uit die kleuterskool wil haal sal 'n KALENDER maand skriftelike kennis gegee word. NOVEMBER WORD NIE GESIEN AS 'N KENNIS MAAND NIE. DESEMBER WORD GESIEN AS 'N VOLLE MAAND

Die skoolfonds sal elke jaar opgaan en ouers sal vroegtydig daarvan in kennis gestel word. R550 per gesin (2015) registrasiefooi is betaalbaar saam met u skoolgeld. Hierdie geld is nie terugbetaalbaar nie. Elke Januarie verhoog die registrasie koste en is betaalbaar elke Januarie

Skoolfooi	***2016 (Die registrasiefooi, asook die dagfooi het nie verhoog vir 2016 nie)***	
Registrasie	R550 per familie	
	Kleuter 18 maande +	Babas
Voldag	R*2490*	*R2890*
Halfdag	R2390	R2790
Dagfooi	R*170*	*R170*

Afslag van R200 per tweede kind en R200 per derde kind) (2014)

BANKBESONDERHEDE

ABSA
Rek no 4060418122
Takkode 630193 *Kind se naam en van of rekening nommer as verwysing*

Ek , _____ id nr _____ is die persoon verantwoordelik vir die betaling van die skoolfonds

1. Skoolgeld is vooruitbetaalbaar voor of op die 2de van elke maand en is die verantwoordelikheid van die Ouer/Voog wat die leerder inskryf in die skool.

2. Indien 'n leerder die skool verlaat moet die Ouer/Voog 'n kalendermaand skriftelik kennis gee. Indien dit nie plaasvind nie sal die Ouer/Voog verantwoordelik wees vir 'n volle maand se skoolgeld.

3. Ek stem in dat die maand van November nie geld as 'n kennismaand. Indien ek kennis gee in November verstaan ek dat ek verantwoordelik is vir die betaling vir die skoolfooi in Desember.

4. My betaling aan Mini-Me Akademie sal soos volg geskied: (onderstreep toepaslike opsie)
   - volledige jaarlikse betaling min 10% korting voor einde Januarie
   - 6 maande vooruitbetaling min 8%
   - 3 maande vooruitbetaling min 5%
   - afbetaling oor 12 maande voor die 2de van elke maand.

5. Indien ek agterstalling is met die betaling van die skoolgelde, sal ek aanspreeklik wees vir die betaling van alle kostes aangegaan om dit in te vorder op prokureurs- en kliënteskaal.

6. Ek verstaan dat as my kind nie die skool kan bywoon vir wat die rede mag wees, kwytskeld dit my nie van die betaling van skoolfonds nie.

7. Mini-me akademie het die reg om my kind die skool te verbied indien die skoolfonds nie teen die 10de van die maand betaal is nie.

8. Rente van 5% per maand sal ook gehef word op die agterstallige skoolgeld.

9. Ek kies die onderstaande adres as my domicilium citandi et executandi vir aflewering of betekening van enige kennisgewing of pleitstukke.

Adres:

_____

10. Ek/Ons die Ouers/Voogde van die leerder genoem in hierdie dokument, onderneem om my/ons te hou by die ooreenkoms soos hierbo uiteengesit.

Geteken te_____ die_____dag van_____ 20____.

_____ _____ _____

MOEDER VADER VOOG

_____ _____

MINI-ME AKADEMIE DATUM